

**Doop
Nagmaal
Voetewas**

**‘N DAARLEGGING UIT ‘N BYBELSE OOGPUNT
DEUR SENDELING EWALD FRANK**

Inleiding

Die Doop en die Nagmaal is bybelse verordeninge wat in die meeste van die formele en onafhanklike Christelike kerke beoefen word, hoewel elkeen dit doen op hul eie manier. Die oorspronklike praktyke van die vroeë Christendom het verlore geraak in die verloop van die kerkgeskiedenis. Kerk historici en hervormers het inderdaad vir jare gedebateer en selfs met geweld geveg óm dieselfde Woord, mét dieselfde Woord, maar nie daarin geslaag om terug te keer na die eenparige proklamasie en praktyke van die vroeë Gemeente nie.

Van die eerste Christene lees ons: *"En hulle het volhard in die leer van die apostels..."* (Hand. 2:42). Hulle het geweet dat die apostels deur die HERE self geroep is en daardeur toegang gehad het tot die verborgenhede van die koninkryk van God. Na Sy opstanding het die HERE by Sy dissipels gebly *"tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het; aan wie Hy ook, ná Sy lyde, homself lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het"* (Hand. 1: 2-3). Hy het met hulle gepraat oor alles wat betrekking het op die koninkryk van God en hulle Sy bevele gegee. Op Pinksterdag stuur Hy Sy Gees oor hulle, waaruit Sy Woord geskyn het en hulle gelei om op te tree volgens die volmaakte wil van God.

Hoewel Paulus nie teenwoordig was in die begin nie, maar eers sy "teologiese studies" voltooi het, het hy sedert sy bekering dieselfde Evangelie en lering soos die ander apostels gepreek. Na sy roeping en goddelike openbaring is hy aanvanklik na Arabië. Veertien jaar later het hy na Jerusalem gegaan ten einde te bevestig dat die evangelie wat hy op bonatuurlike wyse ontvang het en aan die heidene verkondig het, dieselfde is soos dié van die verantwoordelike broers in Jerusalem, om te verseker dat sy arbeid nie te vergeefs was nie (Gal. 2: 1-2).

Die boek Handelingte en die briewe van die Apostels getuig dat hul doktrine perfek ooreengekom het met die vier Evangelies en met die Ou Testament. Dus al wat aan ons oorgelaat is sedert die dae van die apostels, is hul suiwer lering en hul bybelse praktyke. Ons het nie hier te doen met die manier waarop Petrus of Paulus dinge gesien het nie, maar ons het direk te doen met God en met Sy Woord. Selfs vandag nog, is dit die enigste geldige maatstaf waarmee alle dinge gemeet moet word.

Een dag het die HERE sy dissipels gevra: *"Het julle ál hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, HERE! Toe sê Hy vir hulle: Daarom is*

elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring" (Matt. 13: 51-52). Dwaarsdeur die Bybel- en kerk-geskiedenis het God mense gebruik wie Hy spesiaal geroep het vir Sy Koninkryk. Hulle het geen teologiese opleiding, maar hulle is opgelei in die skool van die Hemel. Sy gesante het nog altyd hierdie twee dinge saam ontvang: Sy Woord en Sy Gees. So het hulle die duidelike openbaring van Sy wil gehad en dit behoortlik toegepas. 'n Kenmerkende teken daarvan is dat hul prediking van die Woord en die toepassing daarvan in perfekte harmonie met die hele getuieenis van die Skrif is. Ons HERE en die apostels het net die Ou Testament tot hul beskikking gehad op daardie tyd; voortdurend het hulle daarna verwys. Ons vind in die Nuwe Testament 845 aanhalings uit die Ou Testament.

Predikers van die Evangelie vandag het 'n groot verantwoordelikheid teenoor God. Alle "arbeiders in die Koninkryk van God" moet die moed hê om te sien of dit wat hulle preek ooreenstem met die proklamasie van Paulus en die ander apostels. As dit nodig was dat Paulus sy leer moes vergelyk met die leer van die apostels om seker te maak dat hy nie verniet gewerk het nie, hoe kan enige een van ons versuim om dit te doen? Beslis nie! Van alles wat goddelik is, is daar net een oorspronklike. Die res is namaaksels en vervalsings.

Aan die engel van die gemeente in Éfese was gesê: *"... en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het"* (Openb. 2:2). Hierdie oordeel is moontlik gemaak omdat diegene wat hulle gehoor het, het hul verkondiging vergelyk met die oorspronklike apostoliese prediking. Die bybelse gelowiges van daardie tyd het gevind dat hulle wat beweer het dat hulle apostels was, eintlik leuenaars was, omdat hulle nie die suiwer en heilige boodskap gepreek het, soos die eerste apostels nie.

In die eertydse christendom was daar geen onduidelikheid oor die doop, die nagmaal en die ander leringe nie. Die HERE het duidelike instruksies aan die apostels gegee; Hy het gesê van diegene wat Hy gestuur het: *"Wie na julle luister, luister na My"* (Luk. 10:16). Dit is die rede waarom ons die doop en die nagmaal hiermee wil uiteensit soos aan ons nagelaat is in die Heilige Skrifte. Die was van die voete het ook 'n direkte verband met die HERE se avondmaal. Dit is hoekom ons ook kortliks dit sal aanraak, in die lig van die Woord van God.

DOOP

Ons sal eers kortliks die bybelse doop behandel. Die HERE het die doop verordineer en dit is hoekom Christelike denominasies dit beoefen. Die historiese ontwikkeling van die kerk, wys natuurlik vir ons die aansienlike afwykings ten opsigte van die gebruik van die doop wat beoefen was onder die eerste Christene. Onder die eerste Christene was daar net een vorm van doop, maar vandag vind ons verskeie maniere hoe dit toegepas word in beide die formele en in die onafhanklike kerk-groepe.

Die woorde van die apostel Paulus aan die gelowiges in Éfese is egter steeds van krag, selfs vandag nog: *"Een HERE, een geloof, een doop"* (Efé. 4:5). In werklikheid is daar net een HERE, dws, God; daar is slegs een ware geloof, dit is die bybelse geloof; ook net een doop – dit wat beoefen was deur die apostels.

In hierdie eksposisie wil ons die volgende vrae beantwoord uit die skrif: Wat is die doop? Wat is die betekenis daarvan? Wie kan gedoop word en hoe word dit prakties gedoen?

Die Voorvereiste

Die fundamentele voorvereiste om gedoop te word is die persoonlike geloof. Kort voor Sy hemelvaart, het die opgestane HERE 'n duidelike bevel aan sy dissipels gegee: *"Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word"* (Mark. 16: 15-16). Eers moet daar die proklamasie van die boodskap van verlossing wees, in ooreenstemming met die Skrif, nie 'n godsdienstige daad nie.

Deur middel van die verkondiging van die versoening wat ons in Christus, die gekruisigde, toegedeel is, word die genade van God aan die mense aangebied. Soos geskrywe is, geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17). Om sulke geloof te produseer, nodig die hoorder die Heilige Gees in sy hart. Daar moet in die individu 'n innerlike belewenis en bewuste aanvaarding van die goddelike gawe van genade wees. Die persoon moet 'n persoonlike belewenis van redding het, waardeur hy of sy 'n gelowige word. Volgens Romeine 8:16, getuig die Gees self saam met ons gees dat ons kinders van God is. Dit is die sekerheid van verlossing, die regverdiging deur die geloof, wat van waarde is voor God.

Na dit kom die tweede stap: die doop. *"Die wat toe Sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop"* (Hand. 2:41). So word dit berig van die stigtingsdag van die nuwe testamentiese Gemeente. Die resultaat van die eerste preek op die dag van Pinkster was oorweldigend. En ongeveer drie duisend van diegene wat die woord gehoor het en die goddelike boodskap aangeneem het, het hulle laat doop. Hierdie bybelse patroon het so gebly tot in die derde eeu na Christus.

Die apostels en ander manne, toegerus met die almag van die Gees, het uitgegaan om die evangelie te verkondig. Een van hulle was Filippus; hy het 'n magtige bediening gehad wat 'n herlewing laat uitbreek het in Samaria. Ook hier het baie mense tot bekering gekom en was dan gedoop (Hand. 8:16).

Gelei deur die Gees, ontmoet Filippus die hofdienaar van Ethiopië, en vra of hy weet wat hy lees in hoofstuk 53 van Jesaja (Hand. 8: 26-39). Dit sê in vers 35: *"En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig"*. Dié prediking was gebasseer op die profetiese Woord waarin God die redding aan die mensdom bekend gemaak het voor die tyd.

In die middel van die preek, onderbreek die hofdienaar die man van God en sê: *"Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?"*. Die vereiste wat Filippus toe in volle ooreenstemming met die Woord van die HERE en die apostels aan hom toe bring, is dit: *"As u glo met u hele hart, is dit geoorloof"*. Die antwoord was spontaan: *"Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is"*.

"En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop" (v. 38). Weereens het die geloof gekom deur die prediking, die prediking van die Woord van God. Die Gees van God het gewerk in die hoorder en onmiddellik het die bybelse doop gevolg.

Deur middel van 'n spesiale openbaring was Petrus gestuur na Cesaréa, na die huis van Cornelius, die Romeinse hoofman (Hand. 10). Sy prediking het hier ook 'n bybelse uitkoms gehad. Dit word só berig aan ons: *"En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het"* (v. 44). Sodat gelowig-gewordenes die geregtigheid belewe en die bevel van die HERE gehoorsaam, sê die apostel: *"Niemand kan tog die water weerhou, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?"* (v. 47). Dit is presies hoe selfs vandag elke ware bybel-gelowige gedoop word en voortgaan om selfs die Heilige Gees te ontvang. Alles wat uit God is, strek in volle ooreenstemming met die Woord, onveranderd tot aan die einde.

Van baba doop of besprinkeling vind ons geen aanduiding in die Skrif nie. Elkeen wat probeer om hulself te regverdig deur die gebeure in Lukas 18:15-17, moet ook die parallelle gedeeltes in Matthéüs 19: 13-15 en Markus 10: 13-16 lees. Dit is duidelik daaruit dat die HERE Jesus die kinders wat na Hom gebring is, in Sy arms geneem het, Sy hande op hulle gelê het en hulle geseën het. Daar was geen sprake van doop of besprinkeling nie. Selfs vandag nog, bring bybel-gelowige ouers hulle kinders vir die uitsluitlike doel dat hulle aan die HERE in gebed opgedra en geseën word. Nie een van hierdie drie skrifte maak enige melding van kinderdoop nie.

Toe Paulus en Silas in die tronk was in Philippi, het iets bonatuurliks gebeur wat 'n groot vrees laat val het op die tronkbewaarder. Hy vra die twee manne van God: *"Menere, wat moet ek doen om gered te word?"* (Hand. 16:30). Hulle antwoord hom: *"Glo in die HERE Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"*. In die volgende vers lees ons: *"En hulle het aan hom die woord van die HERE verkondig en aan almal wat in sy huis was"*. Weereens sien ons hier dat hulle getrou die sendingsopdrag uitvoer: dat die verkondiging eerstens plaasgevind het sodat almal wat in die huis was, kon hoor en glo, voordat hulle gedoop was.

"En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense" (vers 33). Die tronkbewaarder en diegene wat in sy huis was, het eerste tot die geloof gekom deur die prediking, toe was hulle gedoop. Nêrens uit die Woord blyk dit dat by enige geleentheid kinders of babas gedoop was nie.

Die huidige algemeen-bekende praktyk van die doop, het geen bybelse grondslag nie; so getuig ook die kerk-geskiedenis. Hierdie praktyk het ontstaan uit die tydperk van die wrede dwang-kerstening, toe hele huisgesinne en volke gedoop was, teen hulle wil. As plaasvervanger van die geloofs-vereiste moes hulle noodwendig gedoop word, wat gedoen was voor peetouers, wat ook 'n heeltemal onbybelse praktyk is. Soos ons alreeds duidelik gesien het uit die voorafgaande skrifgedeeltes, staan elke mens persoonlik voor God met sy besluit. In die meeste gevalle stem die verkondiging in die formele en onafhanklike kerke ongelukkig grotendeels nie ooreen met die apostoliese patroon nie, en dus ontbreek ook die bybelse resultate.

Die Naam

Daar is feitlik geen ander vers in die heilige skrif wat so misverstaan en misbruik word soos Matthéüs 28:19 nie. Jesus het gesê: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en*

die Seun en die Heilige Gees". Op onbegryplikerwyse het die mense in latere eeue uit hierdie vers die grondslag gevorm van die drie-eenheids formule, wat selfs vandag nog gebruik word in byna al die formele en onafhanklike kerke. Maar niemand blyk die vraag te vra wat die naam is waarin 'n mens gedoop moet word nie. Vader, Seun en Heilige Gees is titels van die verskillende openbarings van God. Een man kan ook verskeie titels het, soos onderwyser, prokureur, dokter, en so voorts. Hy kan 'n pa, eggenoot en 'n seun wees. Dit is alles titels; elke titel beskryf die persoon se verhouding tot die teenwoordige. Maar elke mens het 'n naam. Dit is so ook met God wie in die Ou Testament bekend was met die verbondsnaam "Jahweh". Wanneer dit kom by die doop word die naam gebruik wat Hy geopenbaar het in die Nuwe Testament, wat in Matthéüs 28:19, nog nie bekend was nie.

Ons wil nou 'n paar skrifgedeeltes bekyk waarin daar na die naam verwys word sonder dat die naam genoem word. Dit sal sonder twyfel van groot hulp wees aan almal wat die waarheid soek. In Lukas 10:17 lees ons dat die sewentig dissipels wat die HERE gestuur het, vol vreugde teruggekom het en toe aan Hom gesê het: "*HERE, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam*". Is dit nie vir ons duidelik in hierdie vers dat hierdie manne die krag van die Naam van JESUS belewe het nie? Natuurlik! In Matthéüs 18:20, waar die HERE sê dat "*... waar twee of drie in my Naam vergader ...*", sal niemand twyfel dat dit die naam van Jesus is nie, alhoewel dit nie verklaar word nie. Dit sê in Lukas 24:47 dat bekering en vergifnis van sondes in Sy Naam verkondig sal word, en in Johannes 2:23 dat baie in Sy Naam geglo het. In al hierdie verskillende bybel-verwysings, weet almal na watter Naam verwys word, en slegs in Matthéüs 28:19 blyk dit dat die eintlike Naam geignoreer word! Dit is regtig vreemd. Ons moet ernstig dink hieroor.

In die verse wat tot dusver aangehaal is, was daar na die Naam van die Seun verwys. Die verse wat ons nou gaan bekyk, verwys na die Naam van die Vader. Dit is waar ons nou die terrein van goddelike openbaring betree.

Die HERE het ons geleer om te bid: "*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word*" (Matt. 6:9). Dit is woorde wat miljoene mense herhaal sonder om te wonder wat die naam is van die Vader wat geheilig moet word. God is Vader, want Hy het seuns en dogters, maar hier gaan dit om Sy Heilige naam. In Johannes 12:28 sê die Seun: "*Vader, verheerlik u Naam!*". Die antwoord wat uit die hemel gekom het, was dit: "*Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik*". Watter naam was daarmee bedoel? Wat noem ons hierdie God wat weer Sy Naam verheerlik wil hê? Tog is daar net een naam waardeur ons God kan nader en dit is deur Sy eie Naam.

In die priesterlike gebed, sê die Seun in verhouding tot die Vader: *"Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het"* (Joh. 17:6). Praat ons hier oor 'n naam uit die Ou Testament? Beslis nie! Wie noukeurig lees sal getref word deur die feit dat die naam van die Vader geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort as seuns en dogters. Hulle word deur God geken en op hul beurt ken hulle God. So word almal onder 'n gemene deler gebring: *"Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het"* (vers 11). Dit kan nie meer duideliker gesê word nie: die Naam van die Seun is tegelyk ook die naam van die Vader. In vers 26 maak Jesus 'n belofte: *"En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak..."*.

In daardie tyd het Jesus vir die Jode gesê: *"Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie"* (Joh. 5:43). Wat van Christene? Gelukkig is die mens wat kan glo dat die Vader geopenbaar is in die Seun en dat Hy Sy Naam bekend gemaak het! Maar wat is Sy Naam? Dit is Jesus – Emmanuel: God met ons! Daar is net een persoonlike openbaring van God, dit wat gebeur het in Christus, in wie die naam van God is: die HERE Jesus. Dit is in hierdie Naam dat elke knie sal buig, en waarin elke tong sal bely. Dit is hoe God ons ontmoet het, en slegs dan kan ons Hom ontmoet. Die raaisel van Matthéüs 28:19 word dus opgelos deur hierdie daarlegging en verwys na die Naam van die HERE Jesus Christus.

Die Leer Van Die Apostels

Nou wil ons kyk hoe die orde van die doop eintlik in die vroeë christendom uitgevoer was. Petrus is een van diegene aan wie die HERE Sy bevel gegee het in Matthéüs 28. Hy is ook die een aan wie die HERE Jesus die sleutels van die koninkryk van die hemel toevertrou het, dit wil sê, toegang tot alles in die koninkryk van God. Selfs voordat die Heilige Gees uitgestort was, het hy in die midde van die 120 opgestaan en begin om die gebeure aan die hand van die Skrif uit te lê (Hand. 1:15). Onmiddellik nadat hulle die Heilige Gees ontvang het op die dag van Pinkster, is dit hy wat die evangelie aan die skare wat saamgedrom het gepreek het. Sy woorde deurboor die harte van baie, sodat hulle vra: *"Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes ..."* (Hand. 2: 37-38). Dit is hier waar die sendings-opdrag vir die eerste keer uitgevoer is, en diegene wat gelowig geword het, is volgens Matthéüs 28:19 gedoop in die Naam waarvan daar gepraat was. Die argument dat Jesus se woorde meer belangrik as dié van die apostels is, kan 'n man wat in die absolute inspirasie van die Skrif glo, glad

nie beïndruk nie. Wat ons eerder diep beïndruk is die feit dat die opdrag en uitvoering streng ooreenstem.

Ons het vroeër genoem dat baie mense in Samaria gelowig geword het en gedoop is. Die nuus van hierdie gebeurtenis het Jerusalem bereik. In hierdie verband word dit vertel: "*En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die HERE Jesus.*" (Hand. 8: 14-16). Die klem is hier op die feit dat hulle net gedoop was in die Naam van die HERE Jesus.

Ook in die huis van Cornelius beveel Petrus dat hulle gedoop word in die Naam van Jesus Christus (Hand. 10:48). Daar is geen teoloog wat iets verskillend kan bring van wat ons vind in die Woord nie; selfs al sou 'n engel uit die hemel kom met 'n teenstrydige verduideliking, sou hy onder die vloek wees (Gal. 1:8).

Wat beslis opvallend is, is dat in al die gevalle sover genoem, diegene wat gelowig geword het, almal gedoop is "in die naam van die HERE Jesus Christus". Die apostels het die HERE heeltemal verstaan. Hulle het dit wat die Meester beveel het, een honderd persent uitgevoer. Die sendings-opdrag was: "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*" (Matt. 28:19). Omdat hulle deur die HERE self geleer was, erken hulle die Naam waarin die een God Homself as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar het, en dit was hierdie Naam waarin hulle gedoop het. So het hulle gedoen wat Jesus hulle beveel het.

Laat ons nou sien hoe Paulus gedoop het, wie die HERE "*'n uitverkore werktuig*" genoem het. Toe hy in Éfese aangekom het, vind hy twaalf manne wat net van die doop van Johannes die Doper geweet het. Nadat hy 'n kort inleiding tot die plan van Verlossing van God gegee het, was die bybelse resultaat beslissend: "*En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom ...*" (Hand. 19: 5-6).

Alle dinge moet gegrond wees op die getuienis van twee of drie. Ons het nou behandel wat gebeur het in Jerusalem, in Samaría, in Éfese en in die huis van Cornelius (in Cesaréa). Of dit onder die Jode, die Samaritane, of die heidene was; of dit Petrus of Paulus of Filippus was: oral het die doop plaasgevind in die Naam van die HERE Jesus Christus.

Ons moet dit voor oë hou dat daar geen weerspreking in die Bybel kan wees nie. Die Heilige Gees sal nooit twee verskillende openbarings oor dieselfde saak gee nie. In die eerste era het God Petrus, Paulus en die ander manne gekies, aan wie Hy volle gesag gegee het om die bybelse leer-stelling te bevestig. Hulle het dit gedoen in perfekte harmonie met die algehele getuienis van die Skrif asook onder mekaar. Wie kan die manne van God van die vroeë Christendom wat saam met Jesus was, of vir Paulus wie ná Sy hemelvaart 'n ontmoeting met die HERE gehad het, blameer, dat hulle nie behoorlik hul opdrag uitgevoer het nie, óf wie kan hulle beskuldig van dwaalleer?

Kom laat ons weer na Paulus luister. Hy skryf aan die Romeine: "*Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?*" (Rom. 6:3). In hierdie vers is Paulus onder diegene wat gedoop is in die Naam van Jesus Christus, op dieselfde manier as al die ander gelowiges. In die hele Skrif is daar nie 'n enkele gedeelte waar iemand in die Drie-eenheids formule, in die titels "Vader, Seun en Heilige Gees" gedoop is nie.

Al die geroepenes van die HERE, wie gevul is met die Heilige Gees van God – die arbeiders in die koninkryk van God – het almal dieselfde belydenis, dieselfde lering, dieselfde geloof, dieselfde doop. Alles was in volle ooreenstemming en in perfekte harmonie. Nie een van hulle het die teks van Matthéüs 28 op 'n meganiese wyse herhaal nie. Hulle het geweet dat "*die Naam*" in hierdie gedeelte in die enkelvoud was: "... *doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*" en dit is wat hulle gedoen het. Hulle het geglo dat God geopenbaar is as Vader, Seun en Heilige Gees; hulle het Hom, en Sy Naam geken. Hulle was manne wat in direkte lewens-gemeenskap met God was. Hulle was onder geen teologiese invloed, maar die goddelike het gevloei in hulle deur 'n openbaring.

Wie slegs die 'letter' van Matthéüs 28 neem, sonder dat hulle die bypassende openbaring het, sal vers 19 herhaal sonder om te merk dat die HERE in hierdie doop-opdrag die volgorde van die doop gegee het. Matthéüs 28 en Markus 16 verteenwoordig die groot sendings-opdrag. In die Handeling van die Apostels vind ons die gevolglike uitvoering wat geldig is vir ewig.

As 'n onderwyser aan 'n leerling 'n probleem stel en hom nie die antwoord gee nie, en die leerling maar bloot die probleem herhaal, sou hy weet dat daar iets verkeerd is! So is dit ook met bybel-leraars; in die geval van die doop, herhaal hulle die woorde van die opdrag, in plaas daarvan om uit te voer wat die HERE beveel het. Slegs wanneer ons voldoen aan die opdrag, op dieselfde wyse soos die apostels, het ons bevestiging dat ons

geroep is deur dieselfde HERE, en dat Hy ons ook toevertrou met die verkondiging van die Evangelie. Die apostels en leraars in die vroeë gemeentes het die opdrag in Mattheüs 28 goed verstaan. God sy dank dat ons die betekenis skriftuurlik kan toepas. Maar dit benodig egter dat ons dieselfde verligting deur die Heilige Gees moet het, waarmee ons ook sal sien wat die apostels gesien het en kan leer wat hulle geleer het en doop soos hulle gedoop het.

Almal moet hierdie daarlegging, wat met 'n duidelike demonstrasie van die Heilige Skrif aangebied word, ernstig opneem. Dikwels blyk dit dat twee dinge dieselfde is. Dit kan baie naby aan mekaar wees, maar so ver van mekaar verskil as wat die hemel van die aarde is. In die sendbrief aan die gemeente van Philadelphia loof die HERE Sy volk met hierdie woorde: "... jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie." (Openb. 3:8). Maar wat van al die gelowiges wat die Naam van Jesus besing, wat dit gebruik in hul gebede en preke, maar wat weier om dit deur die doop ook aan te neem?

Wat van al die evangeliste wat duiwels in Jesus se Naam uitdryf, ook wonderwerke en genesings in Sy naam doen, maar die Naam ontken wanneer dit kom by die doop? Met hul lippe getuig hulle hardop hoe wonderlik die Naam van Jesus is, maar die feit is dat hulle nie bereid is om die smaad van Sy Naam te dra nie. Die HERE sê in Mattheüs 7: 22-23: "*Baie sal in daardie dag vir My sê: HERE, HERE, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongereg-tigheid werk!*"

In hierdie skrifgedeelte vind ons mense wat die volle evangelie glo aan die een kant, en daardeur 'n aandeel het aan die beloftes van die Gemeente, maar aan die ander kant, onskriftelike tradisies beskou as baie waardevol. Hulle is nie bereid om 'n volledige skriftelike regstelling van hul handeling te doen nie. Wie is bereid om te buig voor die duidelike getuienis van die Skrif? Dit verg moed om die tradisionele praktyk van die doop te verwerp en dit te aanvaar wat bybels is. Maar, soos ons lees in Romeine 6:3, een wat nie identifiseer met Christus in Sy dood, deur middel van die doop nie, kan nie met Hom opgewek word nie! Seëninge en gawes alleen beteken niks nie. Eers moet die leringe en die handeling in perfekte ooreenstemming wees. Wat aan die einde getoon sal word en geldig sal wees is die gehoorsaamheid aan die geloof. Dit is dieselfde geloof waardeur God se wil aan ons geopenbaar word; dieselfde geloof wat die Woord vereis, word in die werke geproduseer. Salig is die wat die Woord van God hoor en in ooreenstemming daarmee optree.

Betekenis

In die begin van die Nuwe Testament verskyn Johannes die Doper en preek: *"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom"* (Matt. 3:2). Herhaaldelik verwys die HERE na hom en sy bediening. Onder andere het Hy gesê: *"En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig deur hulle te laat doop met die doop van Johannes. Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie"* (Luk. 7: 29-30). Selfs Jesus Christus het na die Jordaan gegaan en is gedoop deur Johannes en het aan hom gesê: *"... want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul"* (Matt. 3: 13-17).

Sedert die stigting van die Nuwe Testamentiese Gemeente, is wat Petrus gesê het tydens sy eerste preek, na die uitstorting van die Heilige Gees, nog steeds geldig: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang"* (Hand. 2:38).

Die doop is nie oorgelaat aan die diskresie van elkeen nie, maar is eerder 'n daad van gehoorsaamheid en 'n absolute noodsaaklikheid vir elke gelowige. Wie in die geloof die werk van die volbragte verlossing aanvaar vir homself, beleef regverdiging en word 'n dissipel van Jesus. Die doop self geskied nie vir die vergifnis van die sonde nie; dit word uitgevoer slegs op diegene wat hul vergewing aanvaar. Volgens 1Petrus 3:21 is doop *"'n bedede tot God om 'n goeie gewete – deur die opstanding van Jesus Christus ..."*. Met die doop verklaar ons dat ons met Christus gekruisig is en met Hom gesterwe het.

Beide hy wat doop en die een wat gedoop word, betree die water byna tot by die heup. Voor die doop self, sê die een wat doop: "Broer," of "Suster, op grond van jou geloof, doop ek jou volgens die Woord van God in die Naam van die HERE Jesus Christus". Vergelykbaar met 'n begrafnis, word die persoon heeltemal onder die water gedompel, gesig na bo, en onmiddellik weer opgebring. Die 'opstanding' uit die 'watergraf' en die 'afrol' van die water, simboliseer dat die persoon saam met Christus opgewek word tot 'n nuwe lewe. Dit is die rede waarom besprinkeling of bespuiting nie beskou kan word as doop nie.

Die apostel skryf: *"... omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het"* (Kol. 2:12). Die Heilige Skrif sê niks van 'n nuwe geboorte deur die doop nie. Dit leer eerder dat wanneer mense deur die Woord en die Gees, die nuwe geboorte belewe, hulle dan gedoop word. Maar die waterdoop beteken nie dat ons outomaties die doop van die Heilige

Gees het nie. Die dopping van die Heilige Gees is die goddelike antwoord wat aan die gelowige die bevestiging gee dat hy of sy deur God aangeneem is. Dit is 'n werklike belewenis.

In die brief aan die Romeine sê dit: "*Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié van sy opstanding*" (Rom. 6: 4-5).

Aan die Galasiërs skryf die apostel: "*Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed ...*" (Gal. 3: 26-27). Dit is nie 'n droë sondaar wat die water ingaan en 'n nat sondaar uitkom nie. Dit is eerder mense wat deur God begenadig is, diegene wie met Hom versoen word en die versekering van verlossing verkry het.

Die apostel Petrus toon die noodsaaklikheid van die doop met die voorbeeld van Noag se Ark: "*... toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red ...*" (1Petr. 3: 20-21). Die sondvloed het almal laat omkom wat nie gevind was in die ark nie. Slegs 'n paar het geluister na die prediking van die profeet Noag, die boodskap geglo en die ark ingegaan.

Hoekom het Petrus die voorbeeld van die ark gebruik teenoor die doop van die gelowig-gewordenes? Wie werklik glo, doen wat God beveel en word gedoop in Christus. Hy is ons Ark; in Hom is ons beskerm teen die komende oordele. Redding kom deur die geloof in Jesus Christus. Wie gelowig word, laat hul – in gehoorsaamheid aan die Woord – doop in die Naam van die HERE Jesus Christus. Wie daarteenoor nie die goddelike orde volg nie, openbaar daarmee hul ongeloof; hulle bly in ongehoorsaamheid en gaan na die verderf, wat vergelykbaar is met die sondvloed in Noag se tyd.

Voor die vloed losgebars het op hulle, het die mense gevra: "Hoekom moet ons in die ark ingaan? Ons glo ook in God. Dit is genoeg! Alles loop hul gang soos gewoonlik". Hulle het nie besef dat Noag in opdrag van die HERE praat nie. Toe het die aftelling begin en op 'n dag het die ramp hulle skielik oorval. Ten spyte van talle waarskuwings deur die prediking, het die einde onverwags gekom. Die deur was gesluit en diegene wat buite gebly het, het omgekom. Oënskynlik blyk dit dat alles bly soos van die begin van die skepping af (2Petr. 3:4). Maar die dag van Jesus Christus is op hande, wanneer die onderskeid openbaar gemaak sal word. Die tyd van God sal

skielik aanbreek; dan sal die tyd van genade verby wees en die deur sal gesluit wees.

So sal dit vir ewig te laat wees en verlore tyd sal nie meer ingehaal kan word nie. Daarom vermaan die HERE ons, as Sy Woord sê: "*Vandag, as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie ...*" (Heb. 3: 7-8). Die Woord van Markus 16:16 is nog steeds geldig vandag: "*Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word*". Wie is bereid om dit ernstig op te neem en Hom te volg? Ware geloof is lewendig, en dit word gekenmerk deur gehoorsaamheid aan die Woord van God. Geloof sonder die bypassende werke, wat vereis word deur die Woord, is op sigself dood en waardeloos. Trouens, dit is net 'n godsdienstige belydenis van geloof wat nog nooit iemand gered het nie. Christelike leerstellings is nutteloos vir enigiemand as dit nie skriftuurlik is nie. Ons verbinding met God is deur die Woord, wat ons deur die Gees lewend maak. Slegs dit wat van Hom af kom, lei terug na Hom.

Toets die geeste

Voordat ons afstap van hierdie onderwerp af, moet nog iets heeltemal beslissends gesê word. Afgesien van die tradisionele kerke, waar daar vandag skaars meer bybelse bekering en wedergeboorte gepreek word, heers daar selfs in sommige kringe van die Pinkster kerke 'n gebrek aan duidelikheid oor die belangrikste fundamentele leerstelling van die Skrif. Nóg die leraars, nóg die bybel-teoloë, merk op dat in die Bybel daar geen persoon ooit gedoop is in die formule "in die naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees" nie. Hierdie formule kom van die Katolieke Kerk en is oorgeneem deur die protestantse en ander christelike kerke van die moderne tyd.

Die meeste mense weet nie dat die gebruik van hierdie formule spruit uit die praktyke van die okkultisme en spiritualisme nie. Sameswerings, draaitafels, fortuinvertellery, voorspellings van die toekoms, waarsêery en handlesery, ens., vind plaas onder die dekmantel van die sogenaamde "Hoë Formule". Die mediums van die "Christelike Weste" gebruik dit ook wanneer hulle die geeste van oorledenes 'kontak'. Selfs wanneer 'n persoon aansluit by 'n losie, word dit gebruik as eed. Hierdie praktyk laat deelnemers gerus voel want hulle hoor die formule "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" gereeld in die kerk. Of dit nou swart- of witkuns is, of tydens die gebruik van die sogenaamde 6de en 7de boeke van Moses, ooral is hierdie formule in gebruik.

As mens hierdie gebruik aanspreek, dan kom die niks-vermoedende antwoord: "O, dit vind plaas in die naam van God!". Wel, nie presies nie!

Slegs wat gedoen word in die naam van JESUS, geskied in God se naam. Alle ander kom van die duiwel, die heerser van hierdie wêreld. Die HERE God het niks te doen met tafel-draaiery, waarsêery en die mantiek, die raadpleging van die dooies en ander sulke dergelyke dinge nie; dit word inteendeel uitdruklik verbied in Sy Woord! Sulke dinge is satanies, al geskied dit onder die vroomste dekmantel!

Wat het die okkulte en spiritualisme in gemeen met die ware, goddelike handeling? Van wanneer af spreek die dienaars van God en die dienaars van Satan dieselfde dinge? Van wanneer af het Satan sy regering in die Koninkryk van God?

Elkeen moet die vraag vra: Wanneer twee mense dieselfde ding doen, is dit regtig dieselfde? Baie mense is verbaas of geskok om alles te hoor wat gedoen word onder die dekmantel van hierdie formule; Maar hulle is van mening dat die gebruik daarvan die mees voor-die-hand-liggend is wanneer dit kom by die doop. Min mense besin oor die feit dat alles wat gedoen moet word in die Nuwe Testament, in die naam van Jesus gedoen moet word, want die krag van God manifesteer slegs deur Hom. Tog is dit ook so geskrywe: "*En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die HERE Jesus ...*" (Kol. 3:17).

Wie die Bybel ken, sal weet dat geen apostel of profeet al ooit die formule "Vader, Seun en Heilige Gees" gebruik het nie. Soos reeds in meer besonderhede verduidelik word in die boekie GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM, is Vader, Seun en Heilige Gees een en dieselfde God.

Dit wat geskryf staan in Matthéüs 28:19 is die absolute waarheid, so ook wat in Handeling 2:38 ens., gelees word. Maar van die begin af het Satan die Woord van God gebruik én dit verdraai. Dit is hy wat die mensdom mislei het op die mees vroomste wyse, aangaande die doop. Hy het selfs aan die HERE verskyn en gesê: "*Daar is geskrywe ...*", en wat hy aangehaal het was feitlik presies soos dit geskryf is; maar hy het die Woord net uit verband uit geruk en valslik aangewend. Dit is presies wat gebeur het met die instelling van die doop. Satan het die mensdom verblind sodat hulle nie die heerlikheid van God in die aangesig van Christus (2Kor. 4: 4-6) kan herken nie. Die naam van die Een oor wie dit gaan, bly vir hulle verborge.

Is die hele Christelike wêreld verstrik in bygeloof en ongeloof? Is die ware geloof, wat in ooreenstemming met die Skrif is, nog te vinde? God roep, volgens Openbaring 18:4, diegene wie aan Hom behoort, uit godsdienstige Babilon uit. Hulle wie se oë God open, erken hul foute en gehoorsaam God se Woord gewilliglik. God skei nog altyd lig van die duisternis. Wie het die moed om deur Hom onderrig te word en nie deur vlees en bloed nie? Elkeen

is persoonlik verantwoordelik vir homself voor die HERE en moet sy eie besluit maak.

Ten slotte, nog 'n woord van indringende vermaning aan almal wat die heerlikheid ver wag; God het in die tyd van onkunde die mense oorgesien en nog geseën op verskillende maniere. Maar vandag beveel Hy almal om Hom en Sy geopenbaarde Woord te erken. Ons moet onself skei van al die teenstrydige bybel-leringe en terugkeer na die oorspronklike proklamasie van die Woord, dit wat vanaf Jerusalem uitgegaan het.

In Handeling 3 word die tye van verkwikking belowe, wanneer die herstel van alle dinge sal plaasvind, net voor die wederkoms van die HERE. In verse 19-21 is geskrywe: "*... en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete*". Dit word hier baie duidelik gestel dat Jesus in heerlikheid bly tot op wanneer die tyd van verkwikking en herstelling kom. Elkeen wat glo in die Woord van God moet dit ernstig opneem. Ons leef naby aan die HERE se koms en die tyd wanneer alles herstel moet word. Dit is die tyd van geestelike verkwikking voor die aangesig van God.

Almal van ons weet dat die verskillende kerke en hul volgelinge wag op die koms van Jesus Christus. Hoe is dit dan dat hulle nie hierdie tyd van genadige besoeking, waarin ons leef, erken nie? Vir die HERE gaan dit om Sy Gemeente, wat gebaseer is op Sy Woord. Daarom is dit nodig dat die doop plaasvind volgens die bybelse leer en handeling van die apostels. Paulus skryf: "*... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is ...*" (Efé. 2:20). Vandag bou die HERE Sy Gemeente op die dieselfde manier as in die begin en bring dit terug na sy oorspronklike stand. Eers daarna kan Hy kom en haar na Sy Heerlikheid neem.

Niemand moet hierdie daarlegging oor die bybelse doop ligtelik opneem nie. Diegene vir wie God genadig is, sal die behoefte voel om gedoop te word in die naam van die HERE Jesus Christus. Daardeur sal hulle die greep ontsnap waarin diegene wat gedoop is in die Drie-eenheids formule hulself bevind. Hulle wie uit God is, sal ook na die Woord van God op hierdie punt luister. Diegene wat die goddelike boodskap vandag erken, en die beloftes wat aan hierdie tyd behoort glo, sal deel het in die verwesenliking daarvan.

DIE NAGMAAL

Voordat ons na die nagmaal gaan, is dit nodig om die Pasga-maal te noem. Die natuurlike skaduwee van die Ou Testament lei tot die bonatuurlike werklikheid van die Nuwe Testament.

Die Fees van die Pasga is tot vandag nog een van die belangrikste feesdae van die Jode. Die Israeliete het van God opdrag gekry dat elke gesin 'n lam moet opoffer, die vleis moet eet en die bloed aan die kosyn van die deur van die huis smeer, dws, weerskante en bo-oor die deur (Exo. 12). Let wel: hulle moes dit nie op die drumpel smeer nie, sodat hulle nie die bloed met hul voete vertrap nie!

Die Hebreeuse woord "Pesach" beteken "om oor te sien" of "verby te gaan". Terwyl al die eersgebore seuns van die Egiptenare gedood is deur die engel van die dood, was die eersgebore seuns van Israel gespaar, omdat die HERE gesê het, "... die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan, en daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie" (Exo. 12:13).

Die bloed van die pasga-lam het die versoening bewerk, en tegelyk was dit 'n teken van beskerming teen die toorn van God. Terwyl daar 'n gekreeu en doodskrete in al die huise van die Egiptenaars was, was die Israeliete heeltemal veilig in hul huise. Die toorn van God kon hulle nie bereik nie, want die lam was geoffer as plaasvervanger vir hulle. Net so kan die verlostes nie gestraf word deur 'n toorngerigte God nie, want die bloed van die Lam is hul versoening en beskerming. Paulus skryf aan die Gemeente: "...want ook ons pasga-lam is vir ons geslag, naamlik Christus" (1Kor. 5:7). "Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom" (Jes. 53:5). Deur Sy dood, ontvang ons ons versoening en die ewige lewe.

Die HERE het toe deur Moses verorden dat die dag waarop die pasga-lam geoffer was en waarin die uittoeg begin het, herdenk moes word. "En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier" (Exo. 12:14). In verse 26 en 27 word dit nog 'n keer bekragtig: "En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? dan moet julle sê: Dit is 'n pasga-offer aan die HERE, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het".

Op soortgelyke wyse word die nagmaal gevier ter herinnering aan ons verlossing, tot die HERE se wederkoms (1Kor. 11:26). Aan die een kant gee ons daardeur 'n terugblik na daardie groot dag van versoening, en andersyds

kyk ons na daardie glorieryke dag waarin al die versoendes, saam met hul Verlosser, die maaltyd in die Heerlikheid sal vier. Met die instelling van die nagmaal het die HERE gesê: "... doen dit tot My gedagtenis" (Luk. 22:19). Met die nagmaal herdenk ons die volbragte werk van verlossing en ons onthou opnuut elke keer, wat aan die kruis gebeur het vir ons.

Die pasga-lam was as plaasvervanger geoffer en met ongesuurde brood geëet. Dit is geskryf: "*Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word*" (Exo. 12:15). Hierdie verordening moes ernstig geneem en gedoen word.

Die instelling van die Pasga-maal het plaasgevind net voor die uittog van Israel uit Egipte. Die Nagmaal was ingestel tydens die Pasga-maal, net voor die kruisiging, en dus net voor die verlossing van die Gemeente. "*En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie*" (Luk. 22: 14-16). In verse 7-13, word dit berig dat Jesus Petrus en Johannes vooruit gestuur het met die opdrag: "*Gaan berei die pasga vir ons, dat ons dit kan eet*". En toe hulle by die eienaar van die huis kom het hulle gesê: "*Die Meester vra u – waar is die kamer waar Ek die pasga met my dissipels kan eet?*". In Mattheus 26:26 is dit geskrywe: "*En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam*". Die HERE was liggaamlik teenwoordig toe Hy die brood in Sy hande het en hierdie woorde uitspreek. Hy het nie Sy liggaam in Sy hande gehad nie, maar die ongesuurde brood wat gebak was vir die Pasga-maal.

By die bybelse nagmaal word een brood gebruik – wat geen suurdeeg bevat nie. Die brood word dan in gebed toegewy en geseën. Daarna word dit opgebreek en uitgedeel. Wanneer die gelowiges van die gebreke brood neem, doen hulle dit met die besef dat Jesus se liggaam gemartel en gekruisig was. Hulle erken terselfdertyd dat hulle deur dit wat op die kruis plaasgevind het, deel van sy liggaam, die Gemeente, geword het.

Die apostel Paulus het geskryf: "*Want ek het van die HERE ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die HERE Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word (die woorde "vir julle" moet nie oorgesien word nie!); doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my*

bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die HERE totdat Hy kom" (1Kor. 11: 23-26).

Paulus kon homself op die HERE beroep van wie hy instruksies ontvang het hoe om die Nagmaal te vier. Daarom is sy verwysing daarna, in sy instelling daarvan, net soos beskryf is in die Evangelies.

In Lukas 22:20 sê dit: "*Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word*". In die beker was wyn. Die bloed van die nuwe verbond het nog gevloei in sy are en was nog nie aan die kruis gestort nie. Daar is niks in die Skrif van 'n letterlike verandering van hierdie twee elemente na vlees en bloed nie. Nie die HERE nie, en nog minder Sy dissipels het letterlik bloed gedrink nie, want Jesus het gesê: "... *want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie*" (vers 18). Die brood en wyn verteenwoordig die liggaam en bloed van Christus, maar dit bly brood en wyn. Jesus het egter verwys na die nuwe verbond, die Nuwe Testament, wat deur sy dood in werking getree het.

Ook offer Christus homself nie weer op elke keer by elke nagmaal nie, maar Hy het dit vir eens en vir altyd gedoen, volgens Hebreërs 10:12, en het toe gaan sit aan die regterhand van God. Die deelname aan die nagmaal gee die gelowige die geleentheid om elke keer te onthou voor God wat plaasgevind het toe Hy Sy liggaam opgeoffer het en Sy bloed gestort het. Voor die nagmaal moet die kinders van God hulself ondersoek en hul lewe opnuut op die altaar van God plaas. Ons vereenselwig ons met die lyding en sterfte van Christus en word getref met 'n diepe innerlike pyn. Dit verneder ons om te besef watter hoë prys die Verlosser vir ons betaal het. Volgens die heilige Skrif het Hy met Sy eie bloed vir eens en vir altyd die hemelse heiligdom betree, en dit op die Troon van genade geplaas, en daarmee vir ons 'n ewige verlossing teweeg gebring (Heb. 9:12).

'n Nuwe verbond is gesluit; die dag van heil het aangebreek. Dit het weer nodig geword om die Ou en Nuwe Testament te vergelyk. In Exodus 24: 6-8 gaan dit oor die boek van die verbond en die volk van die verbond, en die bloed van die verbond, waarmee die volk gesprinkel is. Jesus het gesê, "*Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes*" (Matt. 26:28). Dit was Sy suiwer, heilige en goddelike bloed, wat uitgestort was, en nie die wyn wat in die koppie was nie. Hy stig 'n Nuwe Testament en verkry 'n volk wat 'n direkte verhouding met die boek van die verbond het.

Paulus het geskryf: *"Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood"* (1Kor. 10: 16-17). Hierdie twee verse word meestal nie in ag geneem wanneer daar gepraat of geskryf word oor die nagmaal nie. Tog is dit hulle wat aandui dat die Gemeente, as die liggaam – *die gemeenskap van die heiliges* – die resultaat van die werk van verlossing van Jesus Christus is, wat Hy vir ons deur Sy liggaam bewerk het. Die brood by die nagmaal, simboliseer enersyds die gekruisigde liggaam van Christus, en aan die ander kant die Gemeente wat, alhoewel dit bestaan uit baie lede, 'n eenheid vorm. Dit is waarom die brood gebreek word in baie stukkies voordat dit uitgedeel word.

Die liggaam van Christus is geslaan en gemartel, maar Hy was nie gebreek nie, soos geskrywe is: *"Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie. En weer sê 'n ander Skrif: Hulle sal sien in wie hulle gesteeke het"* (Joh. 19: 36-37). Dit is die verborgenheid van Christus met Sy Gemeente, wat kragtens die verlossing Sy liggaam geword het. Daarmee ervaar die hele Gemeente 'n volle ver-soening en vergifnis. Paulus skryf: *"Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus"* (1Kor. 12:12). Hierin lê 'n groot verborgenheid. Christus is slegs in Sy verbinding met die lede van Sy liggaam 'n geheel. Dit is van Hom geskrywe: *"En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente ..."* (Kol. 1:18).

Net soos ons aardse liggaam 'n geheel is, met die ledemate en kop aan mekaar verbind, is dit met al die lede wat deel is van die Liggaam van Jesus Christus. 1Korinthiërs 12:13 sê vir ons hoe om deel van hierdie eenheid te word: *"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge"*.

Let op: dit is nie deur die water nie, maar deur die Gees, wat elk van diegene optree wat deur die geloof in Jesus bybels gedoop is; ons is saamgevoeg as die liggaam van die HERE. Al die verlostes wat deur die Heilige Gees, aan hierdie goddelike eenheid behoort, vorm die liggaam van die HERE en is onderworpe aan Hom, die Hoof. Hulle juig met elkeen vir wie God seën en ly met diegene wat ly, soos geskrywe is in 1Korinthiërs 12:26: *"En as een lid ly, ly al die lede saam; as een lid geëer word, is al die lede saam bly"*.

Ons kan op hierdie punt nie ingaan op die verskillende funksies van elke individuele lid van die liggaam van Christus nie, waarvan Paulus praat in 1Korinthiërs 12: 18-20: *"Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam"*

gestel soos Hy gewil het. As almal een lid was, waar sou die liggaam wees? Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam". In vers 27 som hy dit op: "Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik".

Die apostel vermaan die gelowiges om hulself te ondersoek, voordat hulle deelneem aan die nagmaal, met die woorde: *"Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die HERE nie onderskei nie"* (1Kor. 11: 28-29). Almal wat aan die liggaam van Christus behoort, erken dat Hy, wie sonder sonde was, ons oordeel op Hom geneem het. Hulle vergewe mekaar ten volle soos God ook hulle in Christus vergewe het. Niemand reken enigiets tot die ander toe nie. Hulle onderskei in die ander die verlose, geheiligde, geregverdigde en gewyde liggaam van die HERE. Hulle sien mekaar in en deur Christus soos God hulle sien, naamlik: sonder sonde. Hulle ken mekaar, nie in die vlees nie, maar na die Gees.

Net soos die brood sonder suurdeeg is, moet die Gemeente vry wees van enige iets wat nie in ooreenstemming met Christus en Sy Woord is nie. Die HERE Jesus verwys na die valse leerstellings van die godsdienstige leiers as "suurdeeg". Hy het gesê: *"Hoe is dit dat julle nie begryp dat Ek nie in verband met brood vir julle gesê het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs nie? Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs"* (Matt. 16: 11-12).

Paulus verwys ook na die suurdeeg op 'n geestelike wyse: *"Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuur is – want ook ons pasga-lam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid"* (1Kor. 5: 6-8). Wie deelneem aan die nagmaal getuig voor God en voor die mense dat uit die ou lewe van slegtigheid en boosheid, kom 'n nuwe lewe van reinheid en waarheid. Dit moet eintlik geskied en bevestig word deur 'n ooreenstemmende lewe. Woorde alleen is nie genoeg nie; dit moet werklik wees.

In Romeine 11 verwys die apostel na die perfekte regverdigmaking en heiligmaking van diegene wat aan God se Gemeente behoort, wat deur die verlossingsdaad aan die kruis bewerk is: *"En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook"* (v.16). Christus is die Eerstelingsbrood en die wat aan Hom behoort is van dieselfde deeg. Hy is die eersteling en almal wat uit die saad van God gebore word, vorm die

eerste vrugte; Hy is die wortel en die ware gelowiges is die takke wat vrugte dra. Jesus Christus is die wingerdstok – ons is die lote. En so seker soos in die natuurlike, die takke van die wingerdstok die lewenssap vanaf die wortels ontvang en vrugte dra, net so seker het almal wat deur God verwek is die goddelike lewe in hulle en dra die vrugte van die Heilige Gees. Hulle openbaar die wese van Christus en met dit die goddelike natuur waarvan hulle lede is. Dit is in hierdie konteks dat Petrus geskryf het: *"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis, die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde"* (2Petr. 1: 5-7). Dit gaan dus hier nie oor 'n lering of kennis nie, maar eerder oor die goddelike werklikheid in die gelowiges. Die vereiste is: *"Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap"* (1Petr. 1: 15-17).

Duidelikheid Benodig

Gebaseer op 'n onbybelse tradisie, glo baie dat die wyn en brood werklik verander in die bloed en liggaam van Christus. As dit regtig so moes wees, sou dit eenvoudig verskriklik gewees het. Wie kan dit indink, dat hierdie bederfbare dinge, ontelbare kere, deur die natuurlike verloop van die verganklikheid, geëet en gedrink moes word? Dit is absoluut ondenkbaar! Net die gedagte daaraan is gelykstaande aan godslastering!

Soos die Jode in hulle tyd die woorde van die HERE misverstaan het omdat hulle nie die geestelike betekenis erken het nie, heers daar ook vandag verwarring daaroor onder Christene. Die wie die HERE destyds aangehoor het was onder die indruk dat Hy wou hê dat hulle die wet ongehoorsaam moet wees toe Hy gesê het: *"Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe ..."* (Joh. 6:54). Almal het geweet wat in Levitikus 17: 10-12 geskryf staan: *"En elkeen uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat maar enigsins bloed eet – teen die een wat bloed eet, sal Ek my aangesig rig en hom uitroei onder sy volk uit. Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel. Daarom het ek aan die kinders van Israel gesê: Niemand van julle mag bloed eet nie; ook die vreemdeling wat onder julle vertoef, mag geen bloed eet nie".* Om hierdie rede was die Jode geskok om te hoor wat Jesus aan hulle vertel.

Met beide hierdie aardse simbole word die aandag egter gevestig op die geestelike. God kan nie aan die een kant, die gebruik van bloed streng verbied, en die ander kant die gebruik daarvan toelaat onder Sy volgelinge nie. Wie deelneem aan die brood en wyn, bely en word bekend met wat deur die kruisdood gebeur het. Dit is 'n "gedagtenis-maal". Die verlossing geskied nie tydens die nagmaal nie; dit het reeds gebeur op Golgota. Tydens die nagmaal doen ons nabetrugting oor ons verlossing.

In Johannes 6 lees ons die verhaal van die wonderbaarlike vermenigvuldiging van die brode en die voeding van die menigtes. Toe die skare hom die volgende dag opsoek, toe sê Hy vir hulle: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle die brode geëet en versadig geword het. Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee, want Hom het God, die Vader, verseël*" (Joh. 6: 26-27).

Hy het gepraat van die brood, van voedsel, van die ewige lewe, en diegene wat gehoor het was herinner aan die voeding van die volk Israel in die Ou Testament, waarom hulle uitgeroep het: "*Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet*" (v.31).

Jesus volg toe op met hierdie gedagte en sê: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. Toe sê hulle vir hom: HERE, gee ons altyd hierdie brood. En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie*" (Joh. 6: 32-35). Dit is 'n duidelike antwoord wat geen ruimte vir enige persoonlike interpretasie laat nie. Dus, soos ons die aardse brood hier eet en fisies lewe, so het ons deel aan Hom, wat die Brood van die Lewe is, en sal vir ewig lewe.

Die HERE Jesus bied Homself aan ons as die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het, deur wie die ewige, goddelike lewe die wêreld aangebied is. Want Hy het dit beklemtoon: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee*" (vv. 47-51).

Dit is die evangelie! Hy het Homself geoffer in die liggaam van Sy vlees sodat ons ook van ons fisiese liggaam verlos kan word en die ewige lewe kan ontvang. Hemelse brood word nie op aarde gebak nie; goddelike kos kom nie uit die hand van die mens nie. Die HERE het Homself geoffer en laat kruisig sodat almal wat in hierdie volbragte werk van verlossing glo, ten volle deur Hom die ewige lewe kan ontvang en geestelik gevoed kan word. Hy is die Brood van die Lewe; ons het deelgenote van Hom in Gees geword, soos Hy ons deel-agtig geword het in die vlees. So het Hy ons terug in Sy Koninkryk ingelaat.

Die Jode het toe onder mekaar gestry en gesê: "*Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet?*" (Joh. 6:52). Vandag is dit die Christene wat argumenteer oor dit. Soos ons reeds gesê het, gaan dit oor die Lam van God wie Sy lewe geoffer het. Sy Bloed was vir versoening en moes op die altaar vir die sondes gestort word. In Christus is die goddelike lewe. Ons was vrygestel deur Sy dood en aan almal wat deur die geloof die verlossing aanvaar, word alles toebedeel.

Wat die HERE gesê het was heeltemal gerig op Sy lyding en Sy dood. Dit gaan om die geestelike en goddelike deel van God wat ons deur Christus, die gekruisigde, ontvang. Deur die nuwe geboorte word ons seuns en dogters van God. In Efésiërs 5:30 stel Paulus dit so: "... *want ons is lede van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene*". Niemand is fisies vlees van Sy vlees en been van Sy gebeente nie. In die natuurlike is ons die nageslag van Adam, maar in die geestelike sin, het ons 'n nuwe skepping in Christus Jesus geword, onse HERE. As die verlostes, word ons terug in gemeenskap met God gebring en ons het hier reeds die ewige en goddelike lewe in ons siele. Die menslike verstand sien dit alles aan as dwaasheid en dit is hoekom hulle altyd in hul eie idees vasval, in hul betragting van die Woord van God. Die geestelike moet egter geestelik beoordeel word.

Die HERE Jesus is eintlik velerlei: Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe; Hy is die Lewende Brood; Hy is die Lig van die wêreld; Hy is die Opstanding; Hy is vir ons die alles in almal. Deur Hom word ons verander na goddelike wesens. Jesus het nie die Woord van God geïnterpreteer nie; Hy het dit uitgevoer, en dit is in Hom en deur Hom dat ons goddelik verwesenlik word. Dit is waarom Hy kon sê: "*My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om Sy werk te volbring*" (Joh. 4:34).

Wie deel neem aan die nagmaal moet innerlik bereid wees om die wil van God te doen, dit wat Hy aan ons getoon het in Sy Woord. As mense moet ons in 'n persoonlike verhouding met God gesien word, om te kan sê, "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat my gered het". Wanneer ons die

Woord van God aanvaar, dan neem ons Christus aan, die Lewende Brood, wat uit die hemel neergedaal het. Sy bloed tree effektief op in ons, want dit is vir ons versoening en ons verlossing. Hy het gesê: "*Dit is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe*" (Joh. 6:58).

Na hierdie merkwaardige verklaring van Johannes 6, het baie van Sy dissipels gesê: "*Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?*" (v.60). Selfs diegene wat Jesus gevolg het, het op menslike manier gereageer, alhoewel Hy duidelik gepraat het van die Brood wat neerdaal uit die hemel. Hy het hulle hulpeloosheid gesien en sê toe: "*Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe*" (v.63).

Die openbaring en geestelike verligting van dit wat die HERE gesê het, kan slegs kom van bo. Sy uitsprake oor die eet van Sy vlees en die drink van Sy bloed was en is nog steeds 'n onderwerp van groot aanstoot. Dit is geskryf: "*Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer met Hom gewandel nie. Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie? En Simon Petrus antwoord Hom: HERE, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe, en ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God*" (vv. 66-69). Almal wat Jesus volg het dieselfde getuienis, as bewys dat hulle Sy woorde verstaan. Hulle glo en bly by die HERE wat hulle lei van openbaring tot openbaring. Op die regte tyd, wanneer dit nodig is, word aan hulle die verstandigheid van hierdie dinge gegee.

In opsomming kan ons die volgende sê oor hierdie onderwerp: Die verlossingsdaad het eens en vir altyd plaasgevind op die kruis van Golgota. Almal wat dit in geloof aanvaar, vier die nagmaal ter gedagtenis van die volbragte werk. Die volume brood word gebak, in ooreenstemming met die aantal deelnemers, sonder enige suurdeeg. Na die brood voor die gemeente in gebed verhewe gehou word en geseën word, word dit gebreek en aan almal aangebied wat deelneem aan die tafel. Indien enige brood oorbly nadat almal gehad het, word dit weer aangebied totdat alles opgeëet is.

Daarna volg die beker met die rooiwijn, wat uit druiwe gepars is. Dit word ook verhewe gehou en geseën in gebed. Almal wat dan reeds van die brood geneem het, neem dan ook deel aan die beker. Dit gebeur ter gedagtenis daaraan dat die HERE Sy liggaam opgeoffer het en Sy bloed gestort het vir ons.

Die nagmaal moet geskied op die manier wat dit in opdrag van die HERE verorden is. Waar hierdie orde nie waargeneem word nie, word godsdiens maklik in afgodediens omskep en wat veronderstel is om in geloof gedoen te

word, word dan eintlik 'n bygeloof. Paulus het geskryf: "*Julle kan nie die beker van die HERE drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die HERE en ook aan die tafel van die duiwels nie. Of wil ons die ywer van die HERE opwek? Is ons miskien sterker as Hy?*" (1Kor. 10: 21-22).

Paulus verwys beslis na Levitikus 17 waar God se mense die vereistes vir die voorbereiding van die slagoffers aangegee word. In verse 3-7 is dit duidelik wat as afgodery geag was en hoe dit was om 'n aangename offer aan God te bring. Dit sê: "*... sodat die kinders van Israel hulle slagoffers wat hulle gewoon was om op die oop veld te offer, aan die HERE by die ingang van die tent van samekoms na die priester kan bring en dit as dankoffers aan die HERE kan slag. Dan moet die priester die bloed teen die altaar van die HERE by die ingang van die tent van samekoms uitgooi, en die vet aan die brand steek as lieflike geur vir die HERE. En hulle mag nie meer hulle slagoffers offer aan die veldduiwels agter wie hulle aan hoereer nie. Dit moet vir hulle 'n ewige insetting wees vir hulle geslagte*" (Lev. 17: 5-7).

God het spesifieke bevels en instruksies gegee oor wat gedoen moet word, en hoe dit gedoen moes word. Die Israëliete was daarvan oortuig dat wat hulle opgeoffer het, aan die HERE geoffer was, alhoewel hulle dit na hul eie goeddenke uitgevoer het. Maar hy het vir hulle duidelik gesê dat slegs die slagoffers wat gebring word na die plek wat Hy bepaal het, geldig was. Enigiets anders was beskou as slagoffers aan die duiwels.

Hy wat aan God se volk behoort kan nie doen wat hy wil, wanneer hy wil, soos hy wil en waar hy wil nie. Dit moet presies gebeur soos voorgeskryf word deur God. Indien dit nie so gedoen word nie, word dit nie aan Hom oor wie dit gaan, aangebied nie, maar aan die demone wat mense beïnvloed om hul eie plesier te soek en te gehoorsaam. Dit geld ook vir die HERE se nagmaal. Paulus, as 'n apostel wat verlig was deur God, het dit duidelik uitgelê. Hy wou nie die gelowiges, wat onder die invloed van duiwels was, laat deel neem aan die tafel van die HERE nie.

Ten tye van die apostels was daar geen dispuut oor die nagmaal nie. Die HERE Jesus het bevel, en die ware gelowiges het die nagmaal in ooreenstemming daarmee gevier. Hulle het dit eenvoudig "brood breek" genoem, soos geskrywe is in Handeling 20: "*En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek...*" (v.7).

Die konsep van "brood breek" dui daarop dat die dissipels dit belangrik geag het dat die nagmaal gevier moes word op dieselfde manier wat die HERE hulle bevel het, en soos Hy dit self beoefen het. Dit is geskryf: "*En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede*" (Hand. 2.42).

Almal wat werklik aan die Gemeente van die lewende God behoort, sal terug-keer na die leer en praktyke volgens Sy Woord. Hulle plaas alles in hul behoorlike plekke en hulle self ken ook hul regmatige plekke. Hulle gee nie of aanvaar ook nie enige interpretasies nie. Wat vir hulle van waarde is, is net wat die Woord sê. Dit is waarom die ware Gemeente die nagmaal vier "ter gedagtenis", nie vir die vergifnis van sondes nie. Daar is geen plek in die Bybel waar dit sê dat die sondes vergewe word deur deel te neem aan die nagmaal nie. Waar dít geleer word, word die saligheid afhanklik gemaak van 'n godsdienstige handeling.

Die Koninkryk van God breek nou ook met geweld aan. Die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane HERE, keer terug na die middelpunt van die prediking, en elke verordening van die Woord moet nou gehoorsaam gevolg word. Op hierdie manier word die Gemeente weer geplaas in die posisie van genade wat dit aan die begin gehad het. Ons HERE is die Eerste en die Laaste, ja, Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Geseënd is dié wat Hom en Sy Woord, die eerste plek verleen en wat Hom erken as HERE en doen wat Hy ookal beveel.

VOETEWAS

Nadat ons die nagmaal behandel het, kom ons kortliks na die voetewas. Voordat ons die ooreenstemmende teks van die Nuwe Testament weergee, sal ons eers vir 'n oomblik kyk na wat ingestel was vir die priesters in die Ou Testament. 'n Waskom was, volgens die goddelike orde, tussen die tent van samekoms en die brandoffer altaar opgestel. "... *dat Aäron en sy seuns hulle hande en hulle voete daaruit kan was*" (Ex. 30:19). Hulle durf nie die tent van samekoms binnegaan voor hulle dit gedoen het nie. In die Nuwe Testament is die ware gelowiges 'n "*heilige priesterdom*". Ons moet God nader met 'n heilige respek en Sy Woord in alle dinge ten volle respekteer.

Soos dit geskryf staan in Johannes 13: 4-10 het onse Here, "*van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het. Hy kom toe by Simon Petrus en dié sê vir Hom: HERE, gaan U my voete was? Jesus antwoord en sê vir hom: Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan. Petrus sê vir hom: U sal my voete in der ewigheid nie was nie! Jesus antwoord hom: As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie. Simon Petrus sê: HERE, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof. Jesus sê vir hom: Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie*".

Solank as wat ons hierdie teks net as 'n alleenstaande berig sien, sal ons nie aangespreek voel nie. Destyds het die HERE gepraat met dié wat by hom was. Vandag praat Hy met ons deur dieselfde Woord. Ons moet onself in die plek van Petrus plaas wie gevra het, "*HERE, gaan U my voete was?*" en aan wie die HERE gesê het: "*Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan*". Petrus versterk sy besluit en sê aan Hom: "*U sal my voete in der ewigheid nie was nie!*" Hy wou nie dat die HERE homself verneder voor hom nie deur so 'n veragtelike daad aan hom te doen nie. Maar die HERE en die Meester het aan Sy dissipels 'n praktiese les geleer: "*Maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees*" (Matt. 20:26). Die HERE het hulle bedien met nederigheid en verlaging. Hy het Sy bo-klere verwyder, 'n handdoek om Hom vasgemaak en gebuk, en onderneem toe die taak van 'n slaaf in die huis. Dit was 'n voorbeeld vir sy dissipels in dat elkeen die ander moet beskou as groter as homself. Hier het Hy hulle 'n praktiese les geleer.

Toe die HERE vir Petrus sê: "*As ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie*", was die apostel met vrees gevul en roep toe uit: "*HERE, nie net my voete*

nie, maar ook die hande en die hoof!" Hoe moet ons verstaan dat sonder dit sou hy geen deel met Hom gehad het nie? Is daar iemand wat 'n aandeel aan die HERE het deur die eenvoudige was van voete? Nee, dit is gehoorsaamheid wat ons ons HERE verskuldig is, en aan mekaar. Enige bevel, of oproep van die HERE, hoe onbelangrik dit ookal mag lyk, moet ons kinderlik bereik in die geloof sonder om te vra hoe of hoekom; want as ons dit nie doen nie, breek ons die verhouding met die Een wat die bevel gegee het. Die krag van 'n ketting is gemeet aan sy swakste skakel. Dit is ons opgelê om elke woord ernstig op te neem en daarvolgens op te tree.

Vanaf vers 12 sê dit: *"Toe Hy dan hulle voete gewas en sy bo-klere geneem het, gaan Hy weer aan tafel en sê vir hulle: verstaan julle wat ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en HERE, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die HERE en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen"*.

Die woorde van die Meester is duidelik en ondubbelsinnig: *"As Ek dan, die HERE en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was"*. Daar is niks om te verduidelik of te interpreteer in hierdie verband nie. Toe die HERE sê ons moet mekaar se voete was, en selfs daarop aangedring het toe Hy sê: *"... is julle ook verplig om mekaar se voete te was"*, dan het Hy dit ook so bedoel. Dit het niks te doen met oosterse kultuur nie. Laasgenoemde is goed bekend aan almal, aan die HERE en die Meester ook. Hy het baie duidelik gesê: *"Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen"*. Dit is 'n duidelike riglyn, sonder enige voorbehoude. Hy onderstreep Sy gebod met die volgende woorde: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie"*.

Elke keer wanneer die HERE die frase *"voorwaar, voorwaar"* gebruik, moet ons spesiale aandag daaraan gee, want dit is wanneer Hy iets wat ons aandag verdien, wil beklemtoon. Hy het dit verskeie kere gebruik in Johannes 13.

In der waarheid is daar, fundamenteel gesproke, nie veel meer te sê oor die voetewas nie. Dit moes ten tye van die eerste Christene so 'n normale praktyk gewees het dat daar amper niks verder daarvoor berig word in die Skrif nie. Paulus hanteer hierdie tema kortliks weer aangaande die voorwaardes vir die erkenning van weduwees in die gemeente. Daar word gesê

oor hulle: "... en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het" (1Tim. 5:10).

Aan die hand van die Bybel het ons gewys dat die HERE Jesus die was van die voete ingestel het en ons daarby ook 'n praktiese voorbeeld daarvan gegee het. Dus, geen ware opregte persoon redeneer of interpreteer wat ons beveel word in die Woord van God nie, maar doen wat Hy ons beveel. Die Woord van God moet so heilig geag word dat elke gelowige bereid moet wees om selfs die kleinste gebod te kan vervul. So 'n gelowige behoort gerus te voel oor die woorde wat die HERE gesê het in die sluiting van hierdie tema: "*As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen*". Die seën van die HERE bly van die begin tot die einde met diegene wat die Woord gehoorsaam. Mag die HERE sulke mense van ons maak, wat in Sy weë wandel en alles doen wat Hy ons beveel het.

* * * * *

* * * * *

* * *

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal. Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte.

Ander beskikbare boekies sluit in:

DIE CHRISTENDOM GISTER EN VANDAG

DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK

GOD EN SY PLAN MET DIE MENS DOM

DAAR IS GESKRYWE

'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA

'N MAN VAN GOD GESTUUR

DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

DIE ANTICHRIS

Dit is alles gratis bekombaar, en vele ander onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike adres. Van dit kan ook verkry word onder andere in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D-47707 Krefeld
Duitsland

Webwerf: <http://www.freie-volksmission.de>

E-pos: volksmission@gmx.de

Ons Plaaslike Kontakpunte: